**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I 1.5 VOL 31 PG. 1448 - 1468.

**SAAKNOMMER: CC 482/85** DELMAS

1986-02-24

**DIE STAAT teen:** PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

**VOOR:** SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL
PROF. W.A. JOUBERT

**NAMENS DIE STAAT:** ADV. P.B. JACOI
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOI

31

**NAMENS DIE VERDEDIGING:** ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

**TOLK:** MNR. B.S.N. SKOSANA

**KLAGTE:** (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

**PLEIT:** AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 31

(Bladsye 1448 - 1468)

COURT : It is placed on record that the court is open to the public. The embargo which I lifted in respect of Advocate Mayler on 19 February 1986 as far as certain portions of the record are concerned is further lifted in respect of pages 248 and 249 on the same conditions.

MNR. FICK : Ek roep die volgende getuie. Sy naam is Petrus Mogatla. Hierdie getuie sal getuig oor paragraaf 77(10) van die akte van beskuldiging. Dit is op bladsy 356 en verder. In kort gaan dit oor die moord op Caeser.

HOF : Is dit die moord op Caeser Motjeane?

MNR. FICK : Dit is korrek.

PETRUS MOGATLA, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is woonagtig te nr. 12988 Gebied 11, Sebokeng? -- Ja.

Ek sal die Hof vra dat u getuienis moet lewer oor wat op 3 September 1984 gebeur het in die omgewing van u woning.

HOF : Op 'n stadium het ons versoek dat ons 'n kaart of lugfoto beskikbaar kry, nie noodwendig dat die getuie dit hoef te sien as hy dit nie begryp nie, maar vir ons eie doeleindes. As u getuienis gaan lei oor 'n mars of oor 'n huis of gebeure in 'n blok en dit is moontlik om 'n foto voor ons te plaas, sal ons verkies dat u dit doen voor die getuie getuig.

MNR. FICK : Ek het dit beskikbaar. Ek kan dit aan die Hof ophandig. Daar is net een probleem. Daar is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Will this be by agreement, Mr Bizos, otherwise we cannot look at it?

MR BIZOS : No, it was shown to me by the captain this morning and I think it will be very helpful to Your Lordship and the Learned Assessors if it is placed before Your Lordship and it can go in by consent.

COURT

COURT : Shall we give it a number then or not at this stage? I am not very much concerned about it being an exhibit if the witness is not referring to it.

MR BIZOS : No, it can be numbered, even if this witness does not refer to it, other witnesses will. So, we can by agreement make it an exhibit. It is a very useful enlargement of the immediate area which will assist everyone concerned.

Exhibits AAR1 AAR 2

MNR. FICK ; Ek sal dan as BEWYSSTUK AAR(1) die lugfoto van die gebied Evaton, Sebokeng by u ophandig. Dan as BEWYSSTUK AAR(2) 'n vergroting van 'n sekere deel van BEWYSSTUK AAR(1).

HOF : Net voordat ons verder gaan. Watter kant gaan almal beskou as die bokant van hierdie foto, daar waar Evaton, Sebokeng staan? Is dit die bokant?

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : Is dit noord?

MNR. FICK : Noord is aangedui op die kaart. Ek het ongelukkig nie nog 'n afskrif by my nie. Daar is te min afskrifte.

HOF : Die bokant is noord. Die tweede bewysstuk is?

MNR. FICK : BEWYSSTUK AAR(2). Dit is 'n vergroting van 'n sekere kruising op BEWYSSTUK AAR(1).

HOF : Gaan dit ook in by ooreenkoms?

MR BIZOS : That is so.

MNR. FICK : Ek het vir u aangedui dat die Staat sal van u verlang om getuienis te gee oor wat in die omgewing van u huis op 3 September 1984 gebeur het. Voor daardie datum, 3 September 1984, het u enige vergaderings van 'n politieke aard daar in Sebokeng bygewoon? -- Nee.

Organisasies met die name van VCA, Vaal Civic Association, COSAS, AZASO, AZAPO, ken u van hulle? Het u van hulle geweet voor 3 September? -- Nee, ek weet niks van dit nie.

HOF : Wat is u beroep? -- Operateur.

MNR. FICK : Operateur van wat is dit nou? Masjinerie, voertuie of wat? -- Van masjiene.

Waar werk u? -- Stewards.

Is dit nou Stewards and Lloyds? -- Ja.

Voor daardie datum van 3 September 1984, het u enige pamflette ontvang by u huis? -- Nee.

Voor daardie datum van 3 September 1984 het u enige plakkate opgeplak gesien daar in die omgewing waar u woon in verband met vergaderings wat gehou sou word in daardie omgewing? -- Ek het dit nie gesien nie.

Het u enige kinders? -- Geen.

U eggenote, werk sy ook? -- Ja.

Het u voor 3 September 1984 êrens gehoor in die strate of by die mense wat u mee gepraat het in verband met 'n sogenaamde "stay-away", dat die mense nie gaan werk nie? -- Daar was daarvan gepraat, maar ek het nie geglo dat dit regtig so gaan wees nie.

En het u enigiets gehoor op dieselfde manier op die strate en in die busse van skole wat toe gaan wees 3 September? -- Dit het ek nie gehoor nie.

Het u enigiets gehoor in verband met die besighede daardie dag, of hulle oop of toe sal wees? -- Nee, ek het niks gehoor nie.

Die nag van 2/3 September 1984, was u by die huis? -- Ja, ek was.

Ek neem aan u het geslaap daardie nag? U was nie die heelnag wakker nie? -- Ja.

Het u wakker geword die volgende oggend? -- Ja.

Watter tyd was dit? -- 06h00.

Hoe kom u by die werk gewoonlik? -- Per bus.

Hoe laat kry u die bus in die oggende? -- 06h20.

As gevolg van wat het u wakker geword? -- As gevolg van die mense wat buite op my perseel gehardloop het se geraas. Die stampery op die grond met die hardloop het my laat wakker word.

Het u gaan kyk? -- Ja, ek het gaan kyk.

Het u uit die huis uitgegaan of het u by die venster gaan kyk? -- Ek het deur die venster gekyk.

U vrou, was sy ook daar? -- Ja.

Het sy ook gekyk? -- Sy het ook gekyk.

Wat sien u toe u by die venster uitkyk? -- Ek het baie mense daar gesien.

K91 HOF : Waar het u die mense gesien? Op u perseel of in die straat? -- Op my perseel en ook in die straat.

Mnr. Fick, as u die getuie na die lugfoto wil verwys, moet u seker maak dat die getuie die lugfoto begryp, want daar is baie mense wat ŉ lugfoto nie begryp nie. So, u kan liewers daarvan wegbly as dit ŉ gemors gaan veroorsaak.

MNR. FICK : Ek sal hom net lei en kyk hoe ver kom hy. Weet u van enige laning daar in die omgewing van u huis? -- Ja.

Hoe ver is die laning of gang van u huis af? -- Dit is die eerste laan en dan kom ŉ mens by ŉ straat en by die tweede een, my huis is op die hoek van daardie een.

Is u huis langs ŉ gang of ŉ laning?

HOF : Dit is nie ŉ laning nie, dit is ŉ laan. -- Ja, dit is op die hoek van die laan.

MR. BIZOS : I am sorry, I am confused, I thought that a "laan" is an avenue?

COURT : A "laan" is a lane. It might even be an avenue as well. It can be a "gangetjie" or an avenue. Sal u dit opklaar, word bedoel ŉ steeg?

MNR. FICK : ŉ Steeg. Die persoon Caeser Motjeane, het jy

... / hom

hom geken? -- Ja, ek het hom geken.

Het hy in daardie omgewing gewoon?-- Ja.

HOF : Praat ons nou van die persoon wat die raadslid was, Caeser Motjeane? -- Ja, ek ken hom.

MNR. FICK : Hoe ver het hy van u woning af gewoon? -- Dit was naby gewees.

Het hy aan dieselfde kant - laat ek vir u so vra. Behalwe dat die steeg aan die een kant van die huis is, is daar nog ander strate by die huis? -- My huis is geleë op die hoek van die steeg en 'n straat. Dit is 'n hoekhuis.

Die huis se voorkant, kyk dit na die steeg of kyk dit na die straat? -- Na die straat se kant toe.

Die huis se voorkant is aan die straat se kant. As u by u venster uitkyk na die straat toe, kan u Caeser, die oorledene, se huis sien? -- Ja, ek kan die huis sien.

HOF : Sien u hom dan oorkant die straat of sien u hom aan dieselfde kant van die straat as waar u woon? -- Dit is skuins reg voor my huis.

Skuins maar oorkant die Straat? -- Skuins maar oorkant die straat.

Na watter kant toe skuins, na links of na regs? -- Na regs.

MNR. FICK : Toe u by die venster uitkyk en hierdie mense sien, van watter rigting af het hulle gekom? -- Van weerskante van die straat af. Van die mense het ook van die steeg af gekom.

Het u gekyk wat maak hulle toe hulle nou so hardloop? -- Ja, ek het.

Wat het die mense gedoen? -- Hulle het Caeser se huis met klippe gegooi.

Kan u enige skatting vir die Hof gee hoeveel mense daar was of kan u nie? -- Hulle was baie.

U sê vir die Hof u sien hulle gooi Caeser se huis met

klippe. Wat gebeur toe? -- Hy was besig om te skiet.

Wie is hy? -- As ek praat van hy bedoel ek Caeser en ene Matipedi. Beide van hulle was besig om te skiet.

Eerstens, die Caeser wat geskiet het, was hy binne-in sy huis? Het hy op sy perseel gestaan, het hy in die straat gestaan, waar het hy gestaan? -- Op sy perseel.

HOF : Buite sy huis? -- Ja, buite sy huis.

Voor die huis? -- Ja.

MNR. FICK : En die persoon Matipedi, waar het hy gestaan? -- Hulle was naby mekaar gewees. (Getuie dui distansie aan)

HOF : Ongeveer 'n meter. Het beide van hulle vuurwapens in hulle hande gehad? -- Ja.

MNR. FICK : Hierdie Matipedi, weet u wie hy is? Vir wie werk hy? Waar werk hy? -- Hy was 'n werknemer by Caeser se winkel.

Kan u vir die Hof 'n aanduiding gee hoeveel skote min of meer hulle geskiet het? Meer as een elkeen of weet u nie? -- Hulle het verskeie skote gevuur. Ek kan nie sê hoeveel nie.

HOF : Het hulle gevuur in die rigting van die mense of in die lug of waarnatoe? -- Ek dink dit was rubberkoeëls gewees.

Maar in die rigting van die mense? -- Hulle het die mense geskiet - in die rigting van die mense.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Met pistole of rewolwers of waarmee? -- Ek weet nie wat se soort vuurwapens dit was nie.

Was dit 'n klein vuurwapen in die hande of was dit 'n geweer wat teen die skouer gedruk het? -- Dit was klein.

MNR. FICK : Toe hulle skiet, wat gebeur toe? -- Na die skietery het die mense gevlug en weer teruggekom.

Weet u hoe ver die mense gevlug het? -- Nee, dit kan ek nie oor getuig nie.

Kon u hulle nog sien toe hulle so weggehardloop het of het hulle heeltemal verdwyn? -- Hulle het nie heeltemal

verdwyn nie. Van die mense het om my huis gehardloop en dié wat in die anders koers in gevlug het, kon ek nog sien.

U sê dan hulle het teruggekom? -- Ja, hulle het weggehardloop, teruggekom en weer weggehardloop en teruggekom. Hulle het eintlik nie ver gevlug nie.

As hulle elke keer so terugkom, wat het hulle kom maak? -- Hulle het klippe gegooi as hulle terugkom.

Was daar dan elke keer op hulle geskiet? -- Ja.

Wat gebeur toe?

HOF : Net voor ons dit vra. Het hulle klippe gegooi in die rigting van Caeser se huis? -- Ja.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Het dit die huis getref? Op die dak of teen die vensters? -- Orals. Hulle was baie.

MNR. FICK : Wat het toe gebeur op 'n stadium? -- Terwyl hulle dit nog gedoen het, het die polisie daar op die toneel opgedaag. Die mense het toe gevlug.

Het hulle heeltemal weggehardloop dat u hulle nie meer kon sien nie of het hulle net 'n entjie ver gaan staan? -- Toe die polisie daar opgedaag het, het hulle heeltemal gevlug, weggehardloop. Na die polisie weg was, het hulle weer teruggekeer.

Hoe lank was die polisie ongeveer daar? Weet u? -- Nee, ek weet nie.

Toe die mense nou weer terugkom na die polisie weg is, was hulle nog so baie of was hulle minder of was hulle meer? Hoeveel sou u skat? -- Hulle was nog baie, maar ek sal nie kan sê of hulle meer as die eerste keer was nie.

Wat het hulle hierdie tweede geleentheid kom maak? -- Hulle het klippe gegooi.

Waarna het hulle die klippe gegooi? -- Hulle het die huis met die klippe gegooi.

/ Wie

Wie se huis? -- Caeser se huis.

Het u hierdie betrokke dag enige plakkate gesien? -- Wat is dit?

HOF : Bedoel u nou 'n plakkaat wat in die lug gehou word of wat êrens vas is?

MNR. FICK : Wat in die lug gehou word.

HOF : Aan 'n stok of iets?

MNR. FICK : Of in die mense se hande. Het jy enige mense die dag daar gesien wat met plakkate rondgeloop het? -- Ek het dit gesien.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Die dag is 'n lang tyd. Wanneer?

MNR. FICK : U het getuig die oggend het u die mense daar gesien en na die polisie weg is, het u weer mense daar gesien. Op watter stadium het u hierdie plakkate gesien? -- Toe hulle teruggekom het na die polisie weg was, het ek dit gesien.

Hoeveel sulke plakkate het u gesien? -- Dit wat ek gesien het met hulle verbygaan daar was drie of vier.

Kan u lees? -- Ja.

Kon u sien of op die plakkate enigiets geskryf was? -- Ek kon nie sien wat daarop geskryf was nie, want toe ek dit die eerste keer sien, was hulle alreeds verby.

As u nou sê hulle was verby, waar was hulle verby gewees? -- By my huis verby.

Waarheen? -- Na Caeser toe.

Hierdie mense met die plakkate, was hulle deel van die mense wat die tweede keer klippe gegooi het of het hulle eenkant gestaan? -- Hulle was saam gewees.

U het vir die Hof gesê die tweede groep het ook klippe gegooi. Het u op daardie stadium vir Caeser gesien of vir Matipedi? -- Ja, hulle was nog daar.

Wat het hulle gedoen op hierdie tweede geleentheid? --

/ Hulle

Hulle was besig om te skiet.

Waar was hulle op hierdie geleentheid? In die huis, op die erf, in die straat? -- Op die erf van Caeser.

Was hulle redelik naby mekaar of was hulle ver van mekaar? -- Hulle was naby mekaar.

As hulle so skiet, wat was die reaksie van die mense wat klippe gooi? -- Hulle het dieselfde gedoen, weggehardloop en weer teruggekom. Van hulle het weer op my erf gehardloop.

Wat gebeur toe? -- Daarna het my vrou uitgegaan by die kombuisdeur. Sy is net uit en toe weer onmiddellik terug met 'n besering aan die voorkop.

Het sy gebloei? -- Ja.

U het haar gehelp met hierdie wond? -- Ja.

Terwyl u daarmee besig is, wat gebeur toe? -- Ek was besig om my vrou te help met die wond in die slaapkamer. Terwyl ons daar besig was, het ek gehoor dat daar mense is wat by my kombuisdeur inkom.

Het u gaan kyk? -- Ja, ek het.

Wat sien u toe? -- Toe ek in die kombuis kom, kry ek die mense besig om 'n kind daar neer te lê in die kombuis. Ek het opgemerk dat die kind geskiet was. (Getuie dui aan deur die linkerarm, in die linkersy en regtersy.)

Het die mense vir u enigiets gesê van die kind wat hulle hier inbring? -- Al wat hulle gesê het, is ek moet na die kind kyk en hulle het toe die vertrek verlaat.

Kan u enige aanduiding vir die Hof gee watter tyd van die dag dit was toe die kind daar ingebring is? -- Dit was om en by 09h00.

Ek neem aan u en u vrou het gekyk na die kind, wat u vir die kind kan doen? -- Ja.

Het u daardie mense wat daar uitgeloop het weer gesien

/ daarna

daarna? -- Hulle was nie lank weg nie, toe het hulle teruggekom om die kind weg te vat.

Hoe is hulle met die kind daar weg? Met 'n voertuig? -- Met hulle terugkoms daar was hulle in 'n Kombi gewees wat bestuur was deur 'n ander persoon.

Was daar toe nog steeds skote of 'n klipgooiery buite? -- Ja, daar was.

HOF : Albei? Klipgooiery en skote? -- Ja.

MNR. FICK : Hoe lank het hierdie klipgooiery nog aangegaan na die kind daar weggeneem is? Kan u 'n aanduiding gee? -- Ek weet nie hoe lank nie.

Het u verder gaan k yk wat aangaan buite deur die venster of wat het u gedoen? -- Ja, ek het gekyk, maar ek was bang. Terwyl hy so skiet en ek loer daar, kan daardie man my dalk ook raak skiet.

Op 'n stadium het u gehoor die mense skreeu buite? -- Dit is reg.

Dit was in verband met die huis van Caeser? -- Ja.

Het u toe gekyk?-- Ja, dit was as gevolg van 'n geskreeu deur die persone daar. Een het geskreeu dat 'n huis aan die brand was. Toe kyk ek deur die venster en toe sien ek dat Caeser se huis aan die brand was.

En die klomp klipgooiers, waar was hulle toe u nou kyk en u sien die huis brand? --Hulle was nog steeds daar.

Nog besig om klippe te gooi of wat het hulle gedoen? -- Hulle was besig om klippe te gooi. Hulle was eintlik op soek na Caeser. Hulle kon net nie sien waar hy is, waarheen hy verdwyn het nie.

Is dit wat u gehoor het terwyl u daar gekyk het? -- Wat?

Dat hulle vir Caeser soek? -- Ja, ek het gehoor hulle sê "Hy het hier verdwyn, hy het hier verdwyn."

Het u vir Caeser daarna weer gesien? -- Nee, ek het hom nie weer gesien nie.

Matipedi, het u hom weer gesien die dag? -- Ja, ek het. Ek sal u sê wat gebeur het is, ek het gehoor hulle sê daar is 'n mens wat aan die brand is daar. Op daardie stadium het ek nie geweet dit is Matipedi nie.

Het u gekyk of u die persoon kan sien wat brand? -- Nee, ek het nie.

Het u daardie dag 'n persoon gesien brand? -- Ek het daardie persoon daar op die grond gesien. Dit is Matipedi.

Eerstens, waar op die grond het u hom gesien met betrekking tot Caeser se perseel? Was hy binne die perseel of was hy buite die perseel? -- Nee, by die hek van die perseel langsaan Caeser s'n.

Toe u die persoon daar sien, was hy nog besig om te brand, was hy klaar gebrand? -- Hy was nog aan die brand gewees.

Die klomp klipgooiers wat u van praat, was hulle nog daar? -- Ja, hulle was.

Wat was hulle besig om te doen op daardie stadium toe die persoon brand? -- Hulle het gekyk na Caeser se huis.

Was daar nog enige klipgooiery op daardie stadium aan die gang? -- Nee, want die huis was alreeds aan die brand.

Daar waar die persoon gebrand het, was daar enige mense wat daar by hom gestaan het of iets aan hom gedoen het? -- Hulle het niks gedoen nie.

Het die mense net gekyk? -- Ja.

HOF : Niemand het hom gehelp nie? -- Nee.

MNR. FICK : Die liggaam van Caeser, het u dit weer gesien die dag? -- Ja, van ver.

Hoe ver van u huis af was die liggaam van Caeser wat u gesien het? -- Omtrent die vierde huis van myne af.

Aan dieselfde kant van die straat of aan die oorkant van die straat? -- Aan dieselfde kant van my huis.

HOF : Dit is oorkant die straat van Caeser se huis af gesien? -- Ja, ver van sy huis af op die perseel van 'n huis aan die oorkant van Caeser se huis.

MNR. FICK : Toe u die liggaam daar sien lê, het u enige plakkaat daar in die omtrek van die liggaam gesien? -- Ja, ek het.

Hoe ver van die liggaam af? -- Dit het by hom gestaan, skuins regop.

HOF : Skuins met 'n hoek van $45^{\circ}$. Het dit teen hom gelê? -- Net voor hom.

Waarteen het dit dan gestaan? -- Ek weet nie waarteen dit gestaan het nie.

MNR. FICK : Het u nader gegaan na daardie liggaam en die plakkaat? -- Nee, ek het nie gegaan nie.

Kon u sien of daar geskryf is op die plakkaat? -- Nee.

Weet u of daar om die huis van die oorledene, Caeser, 'n heining was? -- Ja.

Voor 3 September was hierdie heining nog heel? Het hy regop gestaan? -- Ja.

Het u gesien of hierdie heining op die dag van die 3de beskadig of gebreek word? -- Ek het gesien dat dit reeds beskadig was.

Hoe was dit beskadig? Was dit om gewees, gebuig? -- Dit was plat. Dit het plat gelê.

Die heining waarvan u praat, is dit die heining aan die voorkant van die groot straat of aan die kant van die steeg? -- Dit is die een aan die voorkant.

Die oorledene, u sê hy was 'n raadslid in Sebokeng. Weet u persoonlik van enige probleme wat hy gehad het daar met die mense van die omgewing? -- Nee, ek was nie daarvan bewus

/ nie

nie.

Kan u aan die Hof aandui hoe was die verhouding tussen die oorledene, Caeser, en sy bure? -- Hulle het hom gegroet en ek was eintlik nie bewus van enige moeilikheid tussen hulle nie.

Die oorledene, weet u of hy voertuie gehad het? -- Ja.

Die betrokke voertuie van die oorledene, weet u watter voertuie het hy gehad? -- 'n Kombi, 'n groterige bakkie en 'n privaat kar 'n Cressida.

Eerstens, het u die betrokke dag, die 3de, gesien of enige van hierdie voertuie beskadig is? -- Wat ek gesien het was hierdie klein lorrietjie wat op die erf gestaan het voor die deur, dit wil sê voor die kombuisdeur.

Wat het u van hom gesien? -- Die kop was gebrand.

HOF : Die kop synde die? -- Wat ek daarby bedoel die voorkant van hierdie klein lorrietjie was gebrand gewees. Dit wil sê die kajuit.

MNR. FICK : Het u gesien hoe dit aan die brand geraak het of hoe dit gebrand is? -- Nee, dit het ek nie gesien nie.

HOF : Waar was die Kombi op daardie stadium? -- Ek vermoed dat die Kombi sowel as die privaat voertuig op daardie stadium in die garage was, want na alles gebrand was, het ek hulle in daardie garage gesien.

MNR. FICK : Die betrokke garage, motorhuis, is hy beskadig die 3de? -- Ja, dit was ook beskadig.

Hoe was dit beskadig? Met klippe gegooi, gebrand of hoe was dit beskadig? -- Dit was gebrand gewees.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Die klein lorrietjie en die bakkie, is dit aparte voertuie? -- Ek praat van dieselfde ding. Dit is 'n "van" wat 'n bietjie groter is. Dit is hoekom ek sê dit is 'n klein lorrietjie.

Hy was voor die kombuis? -- Ja.

HOF : Was die voertuie uitgebrand binne-in die garage? -- Ja.

MNR. FICK : Het u gesien hoe die motorhuis aan die brand raak? -- Nee, ek weet nie.

Hoe is die klomp mense wat u sê wat die tweede keer daar was, daar weg, in watter rigting is hulle weg? Weet u? -- Terwyl daardie plek nog aan die brand was, het ek net opgemerk dat die mense al weg is.

Die klomp mense wat nou so klip gegooi het die eerste keer en die tweede keer, het u gehoor of hulle enigsins iets sing terwyl hulle dit doen of iets skreeu? -- Hulle het net 'n groot geraas gemaak daar. Ek kon nie uitmaak of hulle sing of wat hulle doen nie.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : Just a couple of questions that I would like to ask you. You are a person who is aware of time, because you presumably you work and get paid by the hour? -- That is correct.

You are a person who is aware of the passage of time. What time do you start work in the morning? -- At 07h00.

You told up that you get up usually at about 06h00 and you catch the bus at 06h20? -- That is so.

And you were woken up by a noise and by a disturbance outside your house? -- Yes.

So, that the disturbance there really started as early as shortly after 06h00? Shortly before you got up? -- My evidence is that I only heard this disturbance and the noise outside at about 06h00 and by that time, from the look of things, it had already long started.

What you mean by long started, when you looked out, that there were already people throwing stones at the deceased's house? -- Yes. Because in fact I woke up as a result of the

noise they were making on my premises.

You told us that your premises are across the road from Caeser's or slightly to the side? -- Yes.

And then you also heard that there were shots? -- Yes.

Were the people - as soon as shots were fired, did they take cover behind your - in your yard and in adjoining yards? -- They were taking cover in my hard, because the other yards there are fenced and therefore they could not get access into these yards.

What about the houses on the side, that is on the sides of the deceased's house, on the left-hand side and on the right-hand side and over the road from you? Were some people taking cover there? -- Not at the time that I was looking. They were in the street, in the passage.

How many times did people sort of come out of cover and attack the house and go back and attack the house again? Did that happen many times? -- I do not know how many times it happened.

Were there many times? -- Yes.

Many times before the police arrived? -- Yes, many times prior to the arrival of the police. They were running away, taking cover and coming back.

And are you able to tell His Lordship whether they were the same people or whether they were waves of people that had been attracted to the place as a result of the shouting and the shooting? -- I do not know that.

And then the police came. When the police were there, were there some people that took cover behind your house? -- No, they were not there, they had run away.

Can you give us a time more or less when the police arrived? Was it an hour, an hour and a half after you woke

up more or less? -- I am not in a position to tell this Court whether it was half an hour or longer than that. I do not know.

And then after the police went away, was there just one attack after that or were there waves of attacks as there had been previously? -- They were doing the same thing, running away for cover and then coming back.

So, there was not just one attack, there were continuous attacks on the house, from the moment the police disappeared or went off the scene? -- Yes, they returned to the scene and started throwing stones again.

And again taking cover and coming back? -- Yes.

And had the number of the people increased as the time went on? -- I do not know.

You said that they were many, you cannot tell us whether there were hundreds there - after the police went away whether there were hundreds or three hundred or four hundred or seven hundred, you cannot tell? -- I am not in a position to give evidence on that.

But would you say that there was a large crowd? -- Yes.

I want to deal with the wounding of this child. Could you please tell us how old this child was? -- I am not sure. It can be 8, 9 or 10, somewhere there.

COURT : A boy or a girl? -- A boy.

MR BIZOS : Can you recall whether the shooting of this child, angered the people in the whole neighbourhood, the neighbourhood as a whole? -- I do not know.

Do you know whether a cry was taken up accusing the deceased, Caeser Motjeane of killing an innocent child or wounding an innocent child? -- I do not know that.

Did you hear the people around the deceased's house

/ bemoaning

bemoaning the injury of this young child? -- I did not hear that.

COURT : What came first? The attack on his house or the shooting of the child?-- The attack on his house was first, because this child got injured during the time when the house was being attacked with stones.

MR BIZOS : Can you tell us how long after the police went away the child was brought to your house? -- No, I do not know how long that took.

And how long after the child was brought to yourhouse that people came with a Combi in order to take the child away? -- I do not know how many minutes, but they were not long.

Would you say that it was shortly after the police left that the child was injured? -- It is after the police had left that this child was injured.

Did you know the child as a child of the neighbourhood or not? -- I did not know the child from before.

COURT : How long have you been in that neighbourhood? -- It was not long. I think, if my memory serves me well, I moved in there during the year 1983.

MR BIZOS : Had you been there for a year or less than a year? -- About that.

Did you ever find out whether this child survived its gunshot wound or not, its fire-arm wound or not? -- I do not know. This child was taken away and when they took him, they said they were taking him to the hospital.

I am not asking you to pass judgment on the deceased's actions. What I am asking you is, what the people around there thought shortly after this child was wounded and what they were shouting out? Did they shout out, whether rightly or wrongly, that the deceased, Caeser Motjeane, had shot an

innocent child? -- I did not hear that.

Were you not approached by either a relative or anyone else on that day about the fate of this child? pp No, not the same day.

The people that came to do these attacks from early in the morning, did they come from both sides of the untarred street in front of your house? That is as you are looking at Caeser's house, both from your left and from your right?

COURT : And out of the lane?

MR BIZOS : Did they come down the road from both sides of the road? -- Yes, including the passage.

In what sort of size of group did they come from early in the morning, from all three sides? Did they come in two's or in three's or ten's, or twenty's? In what sort of groups did they come? -- In a big group of many people.

More than twenty or thirty at the time? -- I do not know how many were they.

Did they at times fill the street and the passage as they came along from early in the morning? -- They were many.

Did they fill the street? -- I do not know.

You told us that you were there for a year or less. -- It can be so.

ANd that both you and your wife are working people? -- Yes.

And if there were any problems or quarrels of long-standing in the neighbourhood between the deceased, Mr Caeser Motjeane and any of his neighbours, would you necessarily have known about it? -- Yes, we would know about it.

COURT : Was this an attack by neighbours on Caeser Motjeane or was it an attack by people unknown to you on Caeser Motjeane? -- He was being attacked by strangers.

MR BIZOS : Strangers to you? -- Yes, to me.

When you look at Caeser's house, what zone is there on the left of your house? -- Zone 12.

And to the right? -- Zone 11.

And could you give us some idea of the age of the group of peole that you did not know? The age group as a whole? -- No, I do not know.

Would you be able to say whether they were predominantly young people or eldery people? What would you say? -- I would not know if there were elderly people included, but all I can tell you is that I could see many people there.

You do not really know if there were rubber bullets or real bullets? -- That is correct. I do not know that. With reference to this child that was shot, I could see this was a genuine bullet which struck him.

At what time would you say did the house go up in fire? -- I do not know what time it was.

In relation to the arrival of the police, did you see the placards before the arrival of the police or after the arrival of the police or can you not say? -- After the police had left.

How long after the police left? -- I do not know.

Was it shortly before or did some time pass? -- That I cannot tell.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Die oggend toe u nou wakker geword het en u hoor nou hierdie klipgooiery en u hoor die skote, hoe lang tyd het verbygegaan voordat u die eerste skote gehoor het? -- I do not know.

Die groep persone, u kan nou nie aandui of daar ou mense tussen hulle was nie, maar die groep klipgooiers, die indruk wat u van hulle gekry het, soos u hulle gesien het, het u

die indruk gekry van dit is 'n groep volwassenes of 'n groep skoolkinders of wat se indruk het u van hulle gekry? -- Ek kan nie sê of dit ou mense of jong mense was nie. Ek is nie in staat om dit te sê nie.

U kan nie vir die Hof sê of dit grootmense was nie? -- Daar was so 'n groot deurmekaarspul van mense daar dat ek eintlik nie in staat is om vir die Hof te kan sê of dit net jongmense was en of dit net ou mense was nie. Al wat ek kan sê is dat dit jong mense en ou mense was.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Your wife came back from the door with an open wound on her forehead? -- Yes.

Could you see how that wound was caused? By a bullet, a stone or a knife? -- From my examination I came to the conclusion that she was injured by a stone.

The child, when it was brought in, could you see whether the child was still alive or was dead? -- I could see he was still alive. I remember him asking for water to drink and I even reprimanded by wife not to give him water, because I have refused to give him water, saying that an injured person must not be given water, but my wife gave the child water to drink.

You referred to what you call Caeser's body which you saw about four houses away from your own house on the same side of the street, did you go up to the body, did you have a look at it? -- No, I did not.

How did you recognise him? You gave evidence that you recognised Caeser's body, if I heard you correctly? How did you recognise him? -- No, I heard that from the people who were from that dead body saying that that dead body lying there is Caeser.

Did you see any other form of commotion in your neighbourh

during that morning? Did you see perhaps a procession of people, quite apart from the people that gathered there to throw stones at the house as you said? Did you see any other gathering of people quite apart from Caeser's home? -- No, I did not.

NO FURTHER QUESTIONS.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K92 MNR. HANEKOM : Die volgende getuie wat die Staat wil roep gaan ek weer aansoek doen dat sy getuienis in camera gelewer word. Ek het opdrag om dit te doen. Ek sal vra dat die aansoek self volgens artikel 65 in camera moet wees.

HOF : Ingevolge artikel 65 gelas die Hof dat alle teenwoordiges wat nie direk by die saak betrokke is nie, die hofsaal verlaat totdat hierdie aansoek afgehandel is. Dit geld vir die pers ook.

# DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

## PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

## LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

## DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-5-31**
*Document Title:-* **Vol 31 p 1448-1468. Witness: P Mogakla**